


Publication: TygerburgerEersterivier-BlueDowns (Main)
Publication Date: 16 Aug 2017
Page: 12

AVE: 6424.20
Circulation: 27968
Part: 1 of 1

**SOKKERSTRYD:** AANWINSTE SAL KANT MOET BRING

# Ajax wil die spook begrawe

AVRIL FILLIES

Alle paaie lei Saterdag 19 Augustus na die Kaapstad-stadion as Ajax Cape Town (Urban Warriors) van Parow in sy eerste Premier-sokkerligawedstryd teen Golden Arrows van Durban kragte meet.

Die wedstryd begin om 20:15.

In al Ajax se vorige kragmetings teen Arrows het hy die onderspit gedelf in tuis- en wegwedstryde en vanjaar wil die Urban Warriors die spook finaal begrawe.

In die afseisoen het Ajax nuwe spelers op die stippellyn laat teken. Hulle is Boebie Solomons (assistent-afrigter, Milano United), Junaid Sait (verdediger, Stellenbosch), Innocent Nemukondeni (middelskakel, Tuks), die Nigeriese vleuel Ejike Uzoenyi van Wits), Sedwyn George (doelskieter, Royal Eagles) en Isaac Nhlapo (verdediger, Platinum Stars).

As jy met Ajax se ondersteuners praat, hoor jy dat hulle nie baie vertroue het in die nuwe aanwinste nie.

Ajax se veelsydige speler, Erwin Isaacs, het 'n beroep op die ondersteuners gedoen om nie nou al dié aanwinste af te skryf nie.



Erwin Isaacs, veelsydige speler van Ajax, op die oefenveld.
FOTO: GALLO IMAGES

"In ons voorseisoense voorbereiding het dinge goed verloop en ek pleit dat die ondersteuners geduld moet hê. Die seisoen kom eers volgende jaar Mei tot 'n einde en dalk verras die nuwelinge vriend en vyand," het hy gesê.

Van die ondersteuners mor ook oor die feit dat die klub nie groot name na die klub lok nie. Hulle verlang terug na die dae toe ander spanne bang was om in die Kaap te kom speel en toe spelers soos Bryce Moon, Terror Fanteni, Brett Evans en Mkhanyiseli Siwahla met fyn voetwerk en doele hulle terug huis toe gestuur het.

Volgens Isaacs is vriendskaplike wedstryde teen gedugte spanne soos Wits en Cape Town City gespeel.

"Ons het goeie mededinging gehad van albei en dis moeilik om jou vermoëns voor die afskop van die seisoen te bepaal. Die ondersteuners moet onthou dat as ons Saterdag in Kaapstad-stadion opdraf, is dit vir hulle en ons wil hulle trots op ons maak," het Isaacs gesê.

Arrows het reeds die afgelope naweek bewys hy gaan vanjaar 'n moeilike neut wees om te kraak op grond van sy vertoning teen Wits in die MTN8-kwarteindstryd.

Wits het die wedstryd met strafskoppe gewen, nadat hy by twee geleenthede die agterstand moes uitwis.

"Die verskil tussen die groter en kleiner spanne is nie meer só groot soos in die verlede nie. Kleiner klubs bestee meer geld op aanwinste om hul agterstand teen groot klubs soos Kaizer Chiefs en Orlando Pirates uit te wis. Jy kan niemand meer onderskat of dit as vanselfsprekend aanvaar en dink jy gaan met maksimumpunte in 'n wedstryd wegstap nie. Ons soek die maksimumpunte Saterdag in ons eerste wedstryd van die seisoen," het Isaacs gesê.

Sait van Elsiesrivier is die seun van die voormalige Bafana Bafana-speler Kamaal Sait, wat sokker vir Santos gespeel het voordat hy sy loopbaan in Gauteng gaan voortsit het.

Ajax het 'n jong span en met die voormalige doelwagter, Hans Vonk, aan die stuur van die Ajax-akademie, kan sokkergeesdriftiges verseker wees dat die jong spelers vanjaar speelkans sal kry.

Kamaal kan op die aanval spel in die middelveld dikteer en sal met die dwars- en kruisskoppe van Isaacs aanvalle op Arrows se doelhok beplan, wat deur die doelskieters afgerond moet word.

Die ondersteuners sal met niks anders as 'n oorwinning tevrede wees nie.

- Ajax se bure, Cape Town City, onder leiding van die voormalige Ajax-speler Benni McCarthy, is reeds op Vrydag 18 Augustus om 20:00 in Johannesburg teen Wits, die huidige PSL-kampioen, in aksie.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.